Printed by Creda Communications

(Engelse teks deur die Premier geteken)
(Bekragtig op 5 Desember 2006)

WET

Om sekere ongemagtigde uitgawes ten opsigte van die 2004/2005 boekjaar te magtig en die Provinsiale Inkomstefonds dienooreenkomstig te belas.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Provinsie Wes-Kaap, soos volg:—

Magtiging van ongemagtigde uitgawes vir die 2004/2005 boekjaar

1. (1) Die Provinsiale Inkomstefonds word belas met die bedrag van R19 198 679,47 tot magtiging van sekere ongemagtigde uitgawes vir die 2004/2005 boekjaar, soos hierna uiteengesit in Bylae 1, bo en behalwe die bedrae beskikbaar gestel vir hierdie diens vir die boekjaar wat op 31 Maart 2005 geëindig het.

(2) Die uitgawes in subartikel (1) bedoel, word beskryf by verwysing na die Verslag van die Ouditeur-generaal en die verklarende memorandum soos aangedui in die voetnota tot die vyfde kolom van die skedule tot hierdie Wet.

(3) Die uitgawe is 'n direkte las teen die Provinsiale Inkomstefonds.

Kort titel

2. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Eerste Finansiewet, 2006.

Bylae 1

(PROVINSIALE INKOMSTEFONDS)

Ooreen-stemmende Artikel	Begrotingspos Beskrywing	Boekjaar	Beskrywing	Program (R)
1	6—Gesondheid	2004/2005		
			Program 2	16 931 313,92
			Program 3	2 267 365,55
				19 198 679,47